## EDITORIAL/REDAKSIONEEL

# SEWENTIG JAAR VAN MAATSKAPLIKEWERK-OPLEIDING

Dit is vanjaar sewentig jaar dat maatskaplike werkers aan die Universiteit van Stellenbosch opgelei word. Die Departement Maatskaplike Werk, soos dit tans bekendstaan, het in 1931 as deel van 'n groter departement, wat ook Sielkunde en Sosiologie ingesluit het, ontstaan. Benewens interessanthede soos dat mans- en vrouestudente verskillende kursusse gevolg het, het die departement ook begin met 'n hoof wat later 'n baie kontroversiële figuur in die Suid-Afrikaanse samelewing geword het, naamlik dr HF Verwoerd. Ongeag Verwoerd se latere politieke en ideologiese standpunte, is daar egter twee sake waaroor mense soos Erika Theron geen twyfel gehad het nie. Eerstens was Verwoerd 'n sosiaal-wetenskaplike van hoogstaande gehalte, iemand met 'n besondere intellek en 'n kritiese en analitiese vermoë wat in vele opsigte sy tydgenote voor was. Tweedens het hy waarskynlik 'n deurslaggewende rol gespeel in die ontwikkeling van spesifieke opleiding van maatskaplike werkers. Verwoerd het naamlik, as voorsitter van die sogenaamde Voortsettingskomitee wat gevolg het op die destydse Carnegie ondersoek na die armoede probleem onder blankes, duidelike riglyne voorgestel vir die opleiding van maatskaplike werkers.

Na dr Verwoerd het ook andere gekom wat 'n rol gespeel het in die ontwikkeling van die departement, van wie die belangrikste sonder twyfel prof Erika Theron was. As die eerste hoof van 'n afsonderlike departement vir maatskaplike werk aan die Universiteit van Stellenbosch, was sy nasionaal bekend en gerespekteerd as 'n leier op die welsynsterrein in Suid-Afrika. Sy het ook internasionale erkenning geniet en was bevriend met mense soos Maria Kamphuis, Helen Perlman en Katherine Kendall. Ook haar opvolgers proff Jan de Villiers en Narisscia Botha het 'n beduidende rol gespeel in die algemene akademiese en welsynswêreld in Suid-Afrika. Saam met die huidige geslag senior personeel het hulle bydraes gelewer in instansies soos die Nasionale Raad vir Bejaardes, die Nasionale Raad vir Kinder- en Gesinsorg, die destydse Raad vir Maatskaplike Werk, die Suid-Afrikaanse Kwalifikasie Owerheid asook verskeie plaaslike en provinsiale welsynsinstansies.

Die bestaansreg van 'n opleidingsinstansie word egter gemeet aan die akademiese uitset. Op hierdie gebied het die departement ook in die afgelope sewentig jaar presteer. Behalwe die honderde voorgraadse studente wat hulle eerste kwalifikasie verkry het, het talle persone hulle MA- en DPhil-grade aan hierdie departement verwerf. Trouens, per geleentheid was die hoofde van departemente of skole vir maatskaplike werk van die Universiteite van die Witwatersrand, Port Elizabeth, Fort Hare, Stellenbosch en die Randse Afrikaanse Universiteit asook die Hugenote Kollege almal oudstudente van die departement. Tans is twee hoofde en twee senior personeellede van vier ander universiteite ingeskryf vir 'n doktorsgraad aan hierdie departement.

Sonder twyfel is een van die departement se grootste prestasies die publikasie van die vaktydskrif **Social Work/Maatskaplike Werk**. Hierdie joernaal verskyn reeds 37 jaar sonder onderbreking, is finansieel totaal onafhanklik van die Universiteit van Stellenbosch of enige ander instansie en is die oudste van slegs twee geakkrediteerde maatskaplikewerk-tydskrifte in Suid-Afrika. Hierdie tydskrif word op 'n vrywillige basis deur dosente van die departement en ander gewaardeerde medewerkers en slegs een deeltydse besoldigde assistent uitgegee en bestuur.



CamScanner

Wat die opleiding aanbetref, het die departement in ooreenstemming met voortdurende veranderinge en nuwe vereistes in Suid-Afrika en op grond van die beleid vervat in die regering se Witskrif vir Welsyn ook veranderinge aan sy programaanbod aangebring. Dat hierdie nie die finale veranderinge kan wees nie, word egter deur al die betrokkenes besef en daarom word steeds intensief gewerk om relevant te bly in die toekoms.

Dit word geglo dat met die wydverspreide en diep wortels van die Departement Maatskaplike Werk se verlede daar genoeg groeikrag is om aan die vereistes van die toekoms te voldoen.

Geluk met 'n jeugdige 70!

Johan Cronjé



CamScanner